# HEMELVAARTLES

## DOEL:

Om kinders te help verstaan wat Hemelvaart beteken ter voorbereiding vir Pinkstertyd.

## HULPMIDDELS:

* 'n Ballon gevul met helium (Vra sommer een by 'n restaurant wat 'n kinderafdeling het) met 'n toutjie aan
* CD-speler en CD met kinderliedjies of iemand wat kan kitaar/klavier speel
* Uitdrukke van die wolkies waarop gebede geskryf word
* Skryfbehoeftes

## INLEIDING:

Indien die weer dit toelaat, neem die groep na buite en kyk of julle iewers op 'n stukkie gras kan lê en in die lug opkyk. Kyk of julle wolke kan sien. Indien wel, kyk na die vorms en of julle 'n bekende vorm of voorwerp kan waarneem. Anders kan jy aan die groep prente wys van wolke wat uit tydskrifte kom en praat oor wat wolke alles beteken. In die Bybel is daar ook 'n sterk konneksie met wolke. God het byvoorbeeld die Israeliete gelei met 'n wolkkolom in die dag sodat hulle geweet het in watter rigting hulle moes reis. Ons praat ook baie van 'n donker wolk as 'n onheilswolk.

## LES:

Soms gebeur dit dat jou beste maatjie wegtrek na 'n nuwe dorp en skool, of 'n familielid gaan dood en is nie meer hier by jou nie. Dit maak jou hartseer en ongelukkig en laat jou selfs alleen voel. Wanneer 'n mens hartseer is, het jy juis mense nodig wat daar by jou kan wees. Ons sien baie keer by 'n begrafnis of ander plekke waar mense alleen is, dat mense mekaar drukkies gee as 'n teken van troos. Dit sê dat ons nie alleen is nie en beskikbaar is vir mekaar. Ek dink die dissipels moes ook verlore en alleen gevoel het na Jesus se hemelvaart. Kom ons lees wat gebeur het.

Lees Handelinge 1:1-11.
Wys die ballon met helium en hou die tou vas dat die ballon in die lug hang. 'n Ballon is 'n lekker speelding om te hê; 'n mens kan soveel doen met 'n ballon. As jy egter die ballon by jou wil hou dat dit nie wegwaai of in die lug op trek nie, moet jy die toutjie styf vashou of vasknoop aan jou arm of 'n stoel. Baie keer by 'n groot byeenkoms of troue sal die mense van blydskap 'n hele spul ballonne in die lug loslaat. Dit lyk pragtig as die ballonne met al die mooi kleure in die lug opstyg en al hoe kleiner raak totdat 'n mens dit nie meer kan sien nie. Jesus was gereed om hemel toe te gaan, na God die Vader toe. Hy het sy dissipels eenkant geneem en seker gemaak dat hulle verstaan wat alles met Hom gebeur het en hoekom. Hy het aan hulle verduidelik hoekom dit so belangrik was dat Hy gekruisig moes word en dat Hy opgestaan het, net soos wat Hy belowe het. Hy vertel ook toe aan hulle dat Hy teruggaan na sy Vader toe. Hy het hulle die troosnuus gegee dat die Heilige Gees by hulle gaan kom woon, sodat hulle nie hartseer en alleen hoef te wees nie.
Aan die begin was die dissipels baie hartseer dat Jesus moes weggaan, maar die Bybel vertel dat Jesus hulle verander het sodat hulle kon verstaan. Toe gebeur 'n wonderlike ding. Jesus het sy hande opgelig en die dissipels geseën. Toe begin Hy stadig opstyg in die lug saam met die wolke!
Die dissipels het verstaan en hulle was bly! Hulle was nie meer hartseer nie, want hulle het besef dat dit wat Jesus vir hulle gesê het die waarheid was. Hulle het Hom aanbid en teruggegaan na Jerusalem waar hulle gewag het soos wat Jesus gesê het hulle moet. Elke dag het hulle na die tempel toe gegaan en God geloof en prys.
Ons is ook vandag hier om God te loof en prys! Hoekom? Want Jesus se hemelvaart het beteken dat Hy sy taak op aarde klaargemaak het - suksesvol!! Hy het vir ons kom leer wat ware liefde is, Hy het aan die kruis vir ons gesterf sodat al ons sondes vergewe is en Hy het weer opgestaan en die bose oorwin!! Ons kan nou vry leef van sonde, en ons wag tot wanneer Hy weer kom om ons te kom haal.

## SING SAAM:

Sing 3 of 4 liedjies saam as groep. "As Hy weer kom" (Lied 599) kan byvoorbeeld gepas wees.

## AKTIWITEIT EN GEBED:

Deel aan elke kind 'n wolkie uit saam met skryfbehoeftes. Gee aan elkeen geleentheid om 'n dankie-gebed vir Jesus te skryf. Laat hulle die gebede hardop voorlees en daarna opplak teen 'n muur.

